

# Verhale van Onder die Marulaboom

Deur Leon de Villiers

## Die Ystervarke se Streke

THINK DIGITAL ACADEMY



Dit was ’n maanlose nag en die veld was onrustig. Daar was vreemde geluide en iets eienaardigs het in die bosse beweeg.

Tuffy die ystervark het doodstil agter die groot boom gestaan. Sy hart het vinnig geklop. Dit was die perfekte nag vir sy plan, maar al die geluide het hom bang gemaak.

Hy het nog een keer oor sy skouer gekyk.

“Nee,” het hy gedink en sy lang, dik hare geskud.



“Ek kan nie nou bang wees nie. Vanaand is die aand dat ek hulle gaan terugkry.”

Sy broer, Stubbles, en sy suster, Kinks, sou binnekort met daardie voetpaadjie afkom. Hy wou hulle die grootste skrik van hulle lewe gee.

“Dit sal hulle leer om my te probeer bang maak,” het hy gedink.



Net die vorige aand het Stubbles ’n luislangvel oor sy kop getrek en sisgeluide reg agter Tuffy gemaak. Tuffy het amper van skrik doodgegaan.

En drie aande gelede het Kinks rooi bessiesap aan haarself gesmeer en gemaak asof ’n leeu haar verskeur het. Daardie keer het Tuffy amper ’n hartaanval gekry.

Tuffy het twee lang wit dorings in sy mond gesit, soos twee kwaai slagtande. Versigtig het hy ’n groot stuk bas op sy kop gebalanseer. Dit het hom laat lyk soos ’n wrede monster op soek na lekker ystervarkvleis!



Toe hoor Tuffy ’n ystervark met die voetpaadjie afkom.

Reg, gereed …

“Grrrr!” het hy gebrul en in die middel van die paadjie ingespring.

“Hieeeee!” het die ystervark geskree en agteroor geval.

“Het jou!” het Tuffy geskree en op en af gespring. “Het jou, het jou, het jou!”

Maar toe hy mooi kyk, sien hy dat dit nie Stubbles of Kinks was wat doodstil op die grond gelê het nie! Dit was niemand anders nie as sy eie oupa, Quiff!



“O, aarde …” het Tuffy gemompel en nader gesluip. Hy het Oupa Quiff doodgeskrik! Hoe op aarde sou hy dit aan sy oupa verduidelik?

Die ou ystervark het nie beweeg nie. Tuffy se onderlip het begin bewe.

“Oupa Quiff?” het hy sag geroep.

“Ek is jammer, Oupa,” het Tuffy snikkend oor sy oupa gebuig. “Vergewe my asseblief. Ek het gedink Oupa is Stubbles of Kinks. Moet asseblief nie dood wees nie, Oupa.”

Skielik het die ou ystervark met ’n harde gesnuif opgespring.



“Weeeee!” het Tuffy gegil en self agteroor geval.

“Hie-hie, ho-ho, ha-ha,” het Oupa Quiff gelag terwyl hy sy maag vashou.

“Oupa!” het Tuffy geraas. Hy het baie stadig opgestaan, duiselig van die skrik.

Oupa Quiff het van die lag gesnuif. “Weeeee! Dit is die snaakste geluid wat ek nog ooit uit ’n ystervark hoor kom het! Soos ’n padda wat uit ’n boom val. Weeeee!”



Aanvanklik wou Tuffy kwaad wees vir sy oupa, maar sy oupa se lag was so aansteeklik dat hy uiteindelik ook begin lag het. Sy oupa was ’n baie slim poetsbakker.

Toe hulle ophou lag het, het Tuffy gevra: “Maar Oupa, hoe het Oupa geweet ek is nie regtig ’n gevaarlike dier nie?”

“Gevaarlike diere maak nie soveel geraas wanneer hulle hulle prooi bekruip nie,” het Oupa Quiff gelag. “Ek kon jou van ’n myl ver hoor. Julle jonges moet leer om so stil soos julle oueres te loop.”



Tuffy het oor sy lang hare gestreel. Sy oupa was reg. Hy het sy ore gespits. Wat was dit?

“Het Oupa dit gehoor?” het hy gevra.

“Hmm,” het Oupa Quiff gesê. “Ek dink iets bekruip ons. En ek sal glad nie verbaas wees as dit twee klein ystervarkies is nie.”

Tuffy het geknik en gefluister: “Dit kan net Stubbles en Kinks wees. Hulle wil ons skrikmaak.”



Oupa Quiff het vir Tuffy geknipoog en hard gesê: “Tuffy, my kind, ek dink ons moet maar teruggaan na die skuilplek. Ek het gehoor daar sluip die afgelope tyd ’n kwaai luiperd hier rond. Een wat daarvan hou om onskuldige klein ystervarkies te bekruip en te vang.”

“Ja, Oupa,” het Tuffy net so hard gesê. “Ek het gehoor die luiperd is mal oor ystervarkvleis. Veral jong, sagte ystervarkvleis. Dit sal die beste wees as ons huis toe gaan. Ek wil nie opgeëet word nie. Enige ystervark wat vanaand alleen rondloop, gaan luiperdkos word.”



Skielik het alles stil geword. Tuffy en Oupa Quiff het mooi geluister, maar die bekruipery het opgehou. Hulle het saggies gelag.

“Kom dan,” het Oupa Quiff hardop gesê. “Kom ons beweeg.”

“Goed, Oupa,” het Tuffy gesê.

“Kom ons maak asof ons niks hoor totdat ons by die skuilplek kom nie,” het Oupa Quiff gefluister. “Dan draai ons skielik om en gryp hulle. Hulle sal hulle boeglam skrik.”



Tuffy wou uitbars van die lag, maar hy het sy poot voor sy mond gehou.

Net voordat hulle die skuilplek bereik het, het hulle op Ouma Curly en Ma en Pa Ystervark afgekom, wat aan ’n paar wortels geknibbel het.

“Oe!” het Ouma Curly gesê. “Julle het ons amper laat skrik. Dis ’n goeie ding dat ons julle van ’n myl ver kon hoor aankom.”



"As ons wou, kon ons weggekruip en julle behoorlik laat skrik het," het Pa Ystervark gesê. "Hoekom het julle so 'n lawaai gemaak?"

"Watter lawaai?" het Oupa Quiff gesnuif. "Julle het ons eers gehoor toe ons reg langs julle was. Julle is gelukkig ons wou julle nie opsetlik skrikmaak nie."

"Waar is Stubbles en Kinks?" het Ouma Curly gevra. "En wat is dit wat ek daar agter julle in die donker gehoor het?"



“Agter ons in die donker?” het Tuffy gevra en vir die ander geknipoog. “Nee, Ouma, Ouma verbeel Ouma seker net dinge. Stubbles en Kinks is waarskynlik al by die skuilplek.”

“Goed vir hulle, sê ek,” het Oupa Quiff gesê. “Met daardie kwaai luiperd wat vanaand hier rondsluip, sal ons baie versigtig moet wees. Ek het gehoor dat as hy eers ’n jong ystervark bekruip, hy nie sal ophou voordat hy sy vleis geproe het nie.”



“Ja,” het Pa Ystervark gesê, wat dadelik verstaan het wat aangaan. “Dit is regtig verskriklik dat die luiperd so ’n voorliefde vir jong ystervarkvleis het. En ons klein ystervarkies is so lekker mollig dat hulle seker enige luiperd se droom is.

Ma Ystervark het geknik. “Dit sal die beste wees as ons so vinnig as moontlik teruggaan na die skuilplek. Kinks en Stubbles sal tog nie so dom wees om op ’n nag soos hierdie alleen rond te loop nie. Ek is seker hulle wag al vir ons by die skuilplek.”



Ouma Curly het van die een na die ander gekyk. Sy het nie verstaan wat aangaan nie.

“Watse nonsens!” het sy gesê. “Ons het al maande lank nie eens luiperdspore hier rond gesien nie, wat nog te sê ’n luiperd.”

“Sjuut, Ouma!” het Tuffy gefluister. “Kinks en Stubbles is naby. Hulle kan alles hoor wat ons sê. Ons wil hê hulle moet baie bang word, en dan gaan ons by die skuilplek wegkruip en hulle behoorlik die skrik op die lyf jaag.”

“O,” het Ouma Curly gesê en geglimlag.

Toe sê sy hardop: “Ag nee, my kinders, moenie vir my sê daardie nare ou luiperd is terug nie. Ek wil nie eens dink aan hoeveel onskuldige klein ystervarkies hy verslind het voordat hy uiteindelik hier weg is nie.”



“Dalk sal dit tog die beste wees as ons reguit teruggaan na die skuilplek,” het Ma Ystervark gesê. “Ek wil nie hê Kinks en Stubbles moet alleen by die skuilplek sit en wag nie.”

Die ystervarke het in ’n ry teruggedraf na die skuilplek. Hulle het hulle bes probeer om nie uit te bars van die lag nie. Die geluide agter hulle in die donker het geklink asof wie ook al daar was, baie haastig was.

Toe hulle by die skuilplek kom, het Tuffy gefluister: “Sal ons hier buite wegkruip of binne-in die skuilplek?”

“Buite,” het Oupa Quiff gesê.



"Binne," het Ouma Curly teëgestribbel.


"Stil, hulle sal ons hoor," het Pa Ystervark gesê.

"Van wie praat julle?" het Stubbles van binne gevra en by die skuilplek uitgekyk.

"Ja, wie is hulle?" het Kinks gevra en verby hom gedruk.

Tuffy en die ander het baie verbaas gelyk. Toe bars Tuffy uit van die lag.

"Julle moes soos die wind gehardloop het om voor ons hier te kom."



“Hoekom sou ons hardloop?” het Stubbles gevra.

“Om van die luiperd af weg te kom,” het Oupa Quiff gesê. “Van die kwaai luiperd.”

“Hmpf,” het Stubbles vir Kinks gesê. “So... ons is nou veronderstel om bang te wees.”

“Daardie ding lyk nie eens soos ’n luiperd nie,” het Kinks gesê.

“Watter ding?” het Ouma Curly gevra.

“Daardie ding agter julle. Is dit waarvoor julle wou hê ons moes bang wees?” het Stubbles gevra.



“Ja,” het Kinks gesê. “Jy kan nou maar uitkom, Meneer Ratels, of wie hulle ook al hierdie keer gekry het om ons bang te maak.”

“Waarvan praat jy, kind?” het Ma Ystervark gevra.

“Hiervan,” het Stubbles gesê en die bosse oopgestoot. “Julle nare ou luiperd.”

Vir een baie lang oomblik was dit doodstil. Die luiperd het na die sewe ystervarke gestaar, en die sewe ystervarke het na die luiperd gestaar.

Toe het die ystervarke regtig bang geword.



Hulle was presies so bang soos hulle mekaar nog altyd wou laat skrik. Hulle was so verskrik dat hulle lang, dik hare regop gestaan het – styf en reguit. Toe het al sewe plat op hulle mae neergeval.

Dit was die vreemdste gesig wat die luiperd nog ooit gesien het. Die sewe ystervarke het in bondels penne verander, met hulle lang, reguit hare styf en skerp soos spykers.

Met ’n teleurgestelde gebrom het hy omgedraai en weggestap.

“Grrrr,” het hy gegrom.



“Al hulle gepraat van sagte ystervarkvleis het my mond laat water. En dit alles verniet. Daardie penne sal my net ’n seer keel gee.”

Sedert daardie dag het ystervarke nie meer lang, dik hare nie, maar is hulle liggame met penne bedek. En dit was ook die einde van hulle streke.

“Ag nee, Fiddler,” sê Tannie Mangy geïrriteerd. “Nou het jy die kleintjies bang gemaak met al jou gepraat van luiperds. Vanaand gaan hulle almal weer op dieselfde tak wil slaap.”



“Ja, soos ’n swerm versamelvoëls,” lag Oom Bent-Bum.

“Ek is nie bang vir enige luiperd nie,” sê Stump dapper. “As hy agter my aan kom, sal ek sy stert aan die naaste boom vasbind.”

“Ag, jou grootbek,” sê Knuckles. “Jy wil ’n luiperd se stert aan ’n boom vasbind, maar toe daardie vlermuis vroeër verbygevlieg het, het jy soos ’n aap gegil.”

“Ek haat vlermuise!” sê Stump. “Daardie lelike klein kreatuurtjies vlieg altyd teen my vas.”



“Ag, ek ook,” sê Bitty. “Maar wat verwag jy van ’n voël sonder vere?”

“Wat onderstebo slaap!” sê Stump.

“Goeiste, julle jonges praat alweer onsin,” lag Tannie Itchy. “Vlermuise is nie voëls nie. Het julle al ooit ’n vlermuiseier gesien?”

“Nee, ek moet met my Stumpy saamstem,” sê Tannie Mangy. “Ek hou self ook nie juis baie van vlermuise nie.”



“Ja, vandat jy kleintyd probeer het om soos ’n vlermuis onderstebo te slaap,” lag Oom Non-Stop. “Jy het jou greep verloor en op jou kop beland. Ek onthou dit asof dit gister gebeur het. Jy het dae lank met ’n groot knop op jou kop rondgeloop.”

Die klein bobbejane brul van die lag. Hulle vind die gedagte aan Tannie Mangy wat onderstebo aan ’n tak hang, skreeusnaaks.



Tannie Mangy dink glad nie dit is snaaks nie. “Jy onthou net dinge wanneer dit jou pas,” sê sy kwaad. “Hoe lank moet ek nog wag vir daardie vet skerpioenstert wat jy my skuld? Wanneer gaan jy dít onthou?”

Oom Non-Stop staar die nag in asof hy niks gehoor het nie.

“Maar hoekom slaap vlermuise onderstebo?” vra Knuckles.

“Tannie Wriggle ken die storie,” sê Oom Wart. “Wriggle, vertel dit vir die kleintjies.”



“Ag tog,” sug Tannie Wriggle. “Net toe ek aan die slaap raak.”

“Jy slaap asof daar geen môre is nie, suster,” sê Tannie Jiggle-Jowl. “Word wakker en vertel die kinders van die vlermuise wat onderstebo slaap.”




THINK
DIGITAL ACADEMY